**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIK**

**(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)**

**DATUM:** 16 NOVEMBER 2010

**SAAKNOMMER:** 4758/2009

In die saak tussen:

**REGINALD WILLIAM LYNTON RABIE** Applikant

en

**ELOISE WILSON RABIE** Respondent

---

**UITSPRAAK**

**(Aansoek om verlof om te appelleer)**

**VELDHUIZEN, R:**

Op 15 Oktober 2010 het ek op aansoek die huidige applikant, destyds die respondent, skuldig bevind aan minagting van die Hof deurdat hy die Hof se bevel van 14 Desember 2007 verontagsaam het en versuim het om sekere betalings aan sy destydse eggenote ten opsigte van die verkoop van 'n huis te betaal, asook sy versuim om die onderhoud wat hy gelas is om te betaal, by te bring.

Vandag is daar voor my 'n aansoek vir verlof om te appelleer na die Volbank van hierdie afdeling. Ek het weereens die feie oorweeg in hierdie aangeleentheid en na my mening is daar geen redelike vooruitsig van sukses op appèl nie. Ek meen nie dat 'n ander hof redelikerwys tot 'n ander gevolgtrekking sal kom nie.

Bygevolg WORD DIE AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER VAN DIE HAND GEWYS MET KOSTE.

VELDHUIZEN, R